

17 Julie

Skrifgedeelte: Psalm 36:1-13

Fokusgedeelte: Psalm 36: 6 en 7

Die meerdimensionele bril van die Bybel

Wanneer 'n reisiger op reis is deur ons land, is die verskille in landskap baie opvallend. Elke streek in die land het 'n eie landskap.

In Psalm 36 word die verskillende landskappe van 'n gelowige se lewe teenoor dié van die ongelowige geteken. Die lewe van die ongelowige word geteken as 'n dooie, dorre landskap. Die skildery van die landskap van 'n ongelowige se lewe het eintlik nie veel om die lyf nie, behalwe dat die hele skildery deur die ongelowige gevul word. Daar is nie 'n dieper dimensie of sinvolle agtergrond sigbaar nie. God en sy naaste maak nie deel uit van die landskap van sy bestaan nie. Dit is 'n barre, eendimensionele landskap.

Gelowiges se landskap sien daarteenoor heeltemal anders daar uit. Die meerdimensionele bril van Psalm 36:6-10 is die lens waardeur gekyk word. Die asemrowende landskap van God se grootheid en heerlikheid omvat hierdie kunswerk. Ons sou ook kon sê dat God se goedheid die ruimte en die atmosfeer is waarbinne gelowiges lewe.

Indien gelowiges so na hulle lewens kyk, is selfs die lewensaanvegtinge van swaarkry en teleurstellings gekleur deur die goedheid van God. Ons besef dat God se liefde nie gebonde is aan menslike koördinate van hoogte, diepte of menslike beperkings nie. Hierdie goedheid wat alle verstand te bowe gaan, het Hy immers in en deur sy Seun se offer aan ons getoon.

Hierdeur het Hy ons oë oopgemaak om te kan sien, waarlik te kan sien en sodoende dieper te kan sien as ongelowiges. Ons het immers die meerdimensionele bril van sy Woord as 'n sterk lens ontvang om selfs die Onsienlike te kan sien, ons hemelse erfenis. Dit is die fokuspunt van die gelowige se landskap.

Sing: Psalm 36:3 (1936-beryming)

Dr FP Kruger (Alberton-Wes)